

22 Julie - MAAND

Skrifgedeelte: Openbaring 21:9 – 22:5

Fokusgedeelte: Openbaring 22:2

JOU LEWE is seisoene ...

- Vandag is nie soos gister nie.
- Volgende maand gaan jy ouer wees.
- Een dag van vreugde ... en dan weer een vol smart en swaarkry.
- Voor jou lê maar net die winterdood.
- 'n Gedurige verandering en gestadigde dood.

Is dit al wat die lewe is? Is dit al waarop jou lewe moet uitloop? God gee in Openbaring 22:2 vir ons 'n blik op ons eintlike, ewige bestemming: die nuwe Jerusalem. Hy bevestig die werklike troos, naamlik dat die boom van die lewe vir 12 maande, elke maand, sy vrugte dra (vgl. ook Eseg 47:12).

Deur ons sonde draai ons ons rug op God. So het ons toegang tot die boom van die lewe verloor (Gen 3:24). Deur ons eie toedoen het ons lewe net verganklikheid geword.

God se genade is egter groter. Jesus Christus het die dood ingegaan om vir ons die ewige lewe te verwerf. Hy het die dood vir ons doodgemaak. Deur Christus het ons nou weer toegang tot die boom van die lewe. Die vrugte daarvan is volop. Elke maand lewer die boom sy vrugte. Daar is nooit 'n tekort nie. Elke maand ...

- nie meer maande van swaarkry en eensaamheid nie
- nie meer maande weg van God af nie
- nie meer maande wat op die ewige dood uitloop nie.

Natuurlik het hierdie wete nou reeds 'n invloed op jou lewe. Jy weet waarheen God met jou op pad is. Daarom word elke maand nou reeds 'n dankbare verlustiging in die vreugde van die Here ...

- elke maand in God se bewarende hand
- elke maand 'n lewe in die teenwoordigheid van God
- elke maand 'n genesing vir die nasies.

Elke maand! Dit roep jou op om elke maand uit dankbaarheid met God te lewe. Jy het die Water van die lewe, die Woord van God. Dit gee groei wat vrugte bring. Wat maak jy elke maand, nee, elke dag, daarmee?

Sing: Skrifberyming 18-7 (45):1, 12

Ds RG Aucamp (Middelburg, Karoo)